

17 Augustus

**Skrifgedeelte: Josua 23:1-16;
Hebreërs 10:16-25 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 23:11-13**

Die Here moet julle liefhê, anders...!

Josua se dae op aarde raak min. Hy is al een honderd en tien jaar oud (24:29). Hy lewer sy afskeidspraak:- Julle het self gesien hoe die Here die land voor julle skoongemaak het van julle vyande en hoe Hy vir julle gestry het (vers 3). Julle het elkeen julle besitting uit die hand van die Here ontvang (vers 5). Julle moet sterk staan in die uitvoering van die wet van die Here en nie daarvan afwyk nie (vers 6). Lê julle dus daarop toe om die Here lief te hê (vers 11). Moenie meng met die nasies nie, want hulle sal julle laat afwyk van die Here en die Here sal julle dan laat verdwyn uit die goeie land wat Hy aan julle gegee het (vers 12,15,16).

Die volk het aanvanklik geluister na hierdie preek (24:31), maar dit later verontagsaam. Hulle het hul goeie land verloor en is in ballingskap weggevoer omdat hulle tog vermeng het en ander gode aangehang het.

Die Here het egter 'n takkie uit die dooie stomp laat uitspruit (Jes 11) en 'n klein oorblyfsel laat oorbly. Die ontrou van sy volk veroorsaak nie dat God ook ontrou raak nie. Die ou verbond (of Testament) het verby gegaan, maar in die plek daarvan het die Here 'n nuwe verbond (Testament) opgerig toe Jesus Christus aan die kruis gesterf en op die derde dag opgestaan het. En daarna het Hy sy Gees gestuur om die Here se wette in ons hart en verstand in te skryf, en Hy belowe om nooit meer aan ons sondes te dink nie (Hebr 10:16,17).

Laat ons daarom uit dankbaarheid die Here alleen liefhê deur nie met ander godsdienste vermeng te raak nie, want Hy alleen het ons skoongemaak van ons vyand, die sonde. Hy het vir ons gestry en Hy het vir ons ons erfdeel gegee volgens 'n Nuwe Testament wat bekragtig is in die bloed van Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 33:1,3

Ds AH Stavast (Mosselbaai)